KULTUUR

JUNIORKOOR

Die Juniorkoor is ‘n Kultuur aktiwiteit wat ‘n jaar aktiwiteit (Januarie tot November) vir Gr 1 - 3 leerders is. Daar word deelgeneem aan Super 12-kompetisie, ATKV Applous koorkompetisie, verskeie kunswedstryde en koorfeeste saam met ander skole se kore. Oefeninge vind plaas op Maandae en Woensdae van direk na skool tot 14:30. Oudisies word gehou aan die einde van elke jaar. Daar word na elke Graad R leerder in ons Graad R sentrum geluister, asook elke Graad 1 en 2 leerders wat graag in die koor wil sing. Aan die begin van ‘n nuwe jaar, word daar na leerders geluister wat in ander kleuterskole was, asook die nuwe Graad 1, 2 en 3 leerders. In die begin van Februarie word ‘n koorkamp in die saal gehou. Die kamp vind op ‘n Vrydag (na skool tot 17:00) en Saterdag (09:00 tot 13:00) plaas. Addisionele oefeninge vind ook plaas in die weke voor Super 12, gewoonlik in Meimaand. Koordrag word deur die skool aan leerders verskaf.

DOEL VAN JUNIORKOOR

Ons streef na ‘n helder, suiwer, ligte, ongeforseerde kinder koorklank wat kan dien as voedings koor vir die Seniorkoor. Ons doel is om ‘n koor op die been te bring waarop ons skool opreg trots kan wees en waar ‘n liefde vir musiek gekweek kan word.

HOEKOM AAN JUNIORKOOR DEELNEEM?

Koor ontwikkel ‘n kind se persoonlikheid, bou ‘n kind se selfvertroue, bevorder positiewe selfbeeld, lei tot selfdissipline, versterk die vermoë om te konsentreer, bevorder sosiale vaardighede, lei tot intellektuele ontwikkeling en leer kinders ook om hul talent met ander te deel. Die Juniorkoor kan prestasies verwerf by Super 12 - Koorsang, ATKV Applous asook verskeie kunswedstryde.

“Ons musici bereik mense deur musiek soos boeke en sprekers dit nie kan doen nie, want musiek sny diep, dit klink tot in die binneste van die hart.” -Leonard Bernstein

TOOT TOOT!!